

Gebedsversoeke met die oog op die 40 Dae

- Dat die Vader, deur sy Gees, Homself aan ons sal openbaar sodat ons Hom en sy liefde in Jesus vir ons, sal leer ken en ervaar.
- Dat die Here ons harte sal aanraak en sal vul met sy liefde, sodat omgee 'n lewensstyl sal word.
- Dat ons gelei sal word om in ons omgee grense oor te steek na mense toe vir wie ons nie normaalweg sou omgee nie.
- Dat daar getuïenisse sal wees van "betekenisvolle ontmoetings" waar mense kon omgee en waar omgee beleef is.
- Toewyding in die 40 Dae, wat sal lei tot 'n dieper pad van dissipelskap daarna.
- Dat daar 'n diep verbintenis tussen gelowiges sal ontstaan.
- Dat die Here die leiers van die 40 dae-groepe sal sien met wysheid en baie liefde.
- Vir die samestelling van die groepe.

Gebedsversoeke vir jouself & ander

(Jou 5 vingers spel die woord "bless" wat jou help om te bid vir sien.)

B - "body"/liggaam: gesondheid, krag en energie

L - "labour"/werk: werksomstandighede, guns, wysheid, finansies

E - "emotions"/emosies: vrede, geluk, ens.

S - "social"/sosiaal: alle verhoudings, gesin, werk, familie ens.

S - "spiritual"/geestelik: verhouding met God, verlossing ens.

Baie dankie vir jou deelname !

**Vir navrae skakel vir Pierre 0833703592 of Sugnet 0834014517
(Namens die Gebedstaakspan)**

NG Uitenhage-Noord **24/7 - 1 Dag van Gebed**



Sat 28 – Son 29 Jan 2012

Hoe werk dit?

Persone wat wil deelneem aan die dag van gebed word uitgenooi om iewers tussen Saterdag-oggend 6h00 en Sondag-oggend 6h00 tyd opsy te sit om te bid. Jy hoef nie noodwendig 'n volle uur te bid nie, dit kan ook minder as 'n uur wees. Jy kan op enige plek bid, waar dit vir jou die gerieflikste is. Verkieslik 'n plek waar jy alleen kan wees. Hierdie dag van gebed verskil van 'n gebedsketting in die opsig dat niemand jou gaan herinner aan jou verbintenis om op 'n spesifieke tyd te bid nie. Daarom is die rooster hierby ingesluit. Jy kan ook die rooster gebruik om ander vriende, lede van jou kleingroep of gesinslede te nooi om saam te bid. Dalk kan jy saam met nog persone besluit om byvoorbeeld 'n paar ure van aaneenlopende gebed te dek. 'n Paar mense kan ook saam besluit om 'n uur vol te maak. Doen dit soos dit vir jou gaan werk.

Die uur wat jou werêld verander!

Hoe is dit moontlik om 'n uur in gebed deur te bring sonder om aan die slaap te raak of verveeld te word? Dick Eastman, in sy boek, "The Hour that Changes the World", het 'n maklike manier ontwikkel om 'n uur lank te bid. Hy het 'n uur in 12 periodes van 5 minute elk ingedeel en elke 5 minute 'n bepaalde fokus gegee. Uit die aard van die saak hoef daar nie by 5 minute gehou word nie, dit kan ook korter of langer wees. Hy het die uur soos volg ingedeel:

1. Lofprysing en Aanbidding— fokus op God se karakter(Ps.63:3)
2. Wag op die Here (Ps.46:10)
3. Verootmoediging (Sonde en Skuldbelydenis) (Ps.139:23)
4. Bid die Woord (Jer.23:29)
5. Waak (Kol.4:2)
6. Persoonlike Voorbidding (1 Tim.2:1,2)
7. Voorbidding vir Ander Sake (Matt.7:7)
8. Danksegging (1 Thess.5:18)
9. Sang/Musiek (Ps.100:2)
10. Oordink die Woord (Jos.1:8)
11. Luister (Pred.5:2)
12. Lofprysing (Ps.52:9)

Hierdie is slegs riglyne. Al hierdie elemente hoef nie elke keer deel van jou gebed te wees nie. Dit kan afgewissel word. Ontwikkel 'n metode wat vir jou die beste gaan werk.

Vir die Tieners

Al ooit gehoor van 30KD? Dit staan vir "30 Seconds Kneel Down" en is 'n beweging wat onder jongmense begin het, en besig is om werêldwyd vlam te vat, veral in skole. Jy kan dit alleen doen, of saam met jou maats. Kies enige plek, enige tyd. Kniel vir 30 sekondes en bid vir die persone wat op daardie oomblik vir jou belangrik is soos jou familie, pelle en onderwysers. Ons wil jou uitnoui om dit te doen, enige tyd enige plek op die 29e of 30e. Probeer dit, dit werk!

Tydsrooster		
Datum	Tyd	My Tydsgleuf
Sat 28 Jan	06h00 – 07h00	
	07h00 - 08h00	
	08h00 - 09h00	
	09h00 -10h00	
	10h00 –11h00	
	11h00 -12h00	
	12h00– 13h00	
	13h00–14h00	
	14h00–15h00	
	15h00–16h00	
	16h00–17h00	
	17h00–18h00	
Son 29 Jan	18h00–19h00	
	19h00–20h00	
	20h00–21h00	
	21h00–22h00	
	22h00–23h00	
	23h00–24h00	
	24h00–01h00	
	01h00–02h00	
	02h00–03h00	
	03h00–04h00	
	04h00–05h00	
	05h00–06h00	

Sms asb jou naam en tydsgleuf na 0833703592